- 1995: Estelle Bester is the first student of the Department of Nursing who obtains her DCur-degree.
- 2005: The Department of Nursing changes to the Division of Nursing. The first large group of 305 postgraduate students complete their degrees via interactive satellite broadcastings.
- 2007: The last group of undergraduate students at US obtain their degrees in Nursing.
- 2009: The Dr Pat Gorvalla Award for the excellence in nursing leadership is instituted.
- 2012: The terminology of postgraduate programmes change to be in line with the National Qualifications Framework.



## Help 'n student



Kyk 'n kort media-insetsel oor die projek by [www.youtube.com](http://www.youtube.com). Soek "SUrpass staff".

Lizzie Witbooi wys van die geskenkbewyse wat personeellede kan koop vir hulpbehoewende Maties.

Minstens 1 000 R50-geskenkbewyse. Dit is wat die organiseerders van die Vouch4US-veldtog graag wil insamel as 'n hulpmiddel vir studente in nood.

Die veldtog is op Mandela-dag, 18 Julie, deur US-personeel begin in samewerking met die Universiteit se maatskaplike werker by die Sentrum vir Studentesake, Lizzie Witbooi.

Personeel word uitgedaag om 'n R50 Pick n Pay-geskenkbewys by te dra wat gebruik kan word om in behoeftige studente se basiese behoeftes te voorsien. Die geskenkbewyse bied 'n opsie vir studente in nood en dra ook die belangrike boodskap oor dat US-personeel glo in die potensiaal van Maties met finansiële bekommernisse.

"Die behoefte is nie altyd net aan kos nie," sê Witbooi. "Soms is dit toiletware, onderklere of selfs medikasie."

Sy stel voor dat 'n PnP-geskenkbewys dalk die beste is, omdat dit ook by hul apteek en by PnP Clothing gebruik kan word. Die student moet verkieslik soveel moontlik waarde uit die geskenkbewys kan put. Ander geskenkbewyse sal egter ook welkom wees.

Personeel en medestudente let dikwels op dat 'n student in nood is, maar om direk te help is nie altyd moontlik nie. Sulke gevalle kan na Witbooi verwys word, wat die situasie altyd eers assesser om te bepaal watter maatskaplike intervensies die student benodig om in sy/haar behoeftes te kan voorsien.

Monica du Toit, bestuurder in die Kantoer vir Institutionele MIV-koördinerings en een van die insieerders van die veldtog, sê studentesukses het baie dimensies. "Hierdie studente in nood is gewoonlik baie gemotiveerd, maar hulle kan nie voorsien wat alles sal skeefloop nie. *Life happens*. Ons kan nie net sê jammer, maar dis nie ons probleem nie. Ons moet bereid wees om studente tot by hul graad te neem.

"'n Mens kan nie net aanvaar dat alle studente geld het omdat hulle hier studeer nie. Sommige studente ontvang beurse, maar daar is niks ekstra by die huis nie en wanneer 'n krisis ontstaan, is hulle in groot nood."

Die geskenkbewyse vir Vouch4US sal deur 'n uittekenproses bestuur word. Kontak Witbooi as jy 'n geskenkbewys wil gee of weet van studente in nood, by 021 808 4511 of [lgwitbooi@sun.ac.za](mailto:lgwitbooi@sun.ac.za). – PIA NÄNNY

# Sukseste met fondswerwing

Die Universiteit Stellenbosch het homself gevestig as 'n instansie van uitnemendheid én relevansie, en te oordeel aan sy onlangse fondswerwingsukses, gefasiliteer deur die Afdeling Institusionele Bevordering, is hierdie reputasie besig om vrugte af te werp. Deur ILSE ARENDSE.

T een 31 Julie vanjaar het die Afdeling Institusionele Bevordering reeds R176 miljoen (82%) van sy algehele fondswerwingsteiken van R215 miljoen vir 2013 bereik.

Institusionele Bevordering – wat bestaan uit die onderafdelings Alumni-verhoudinge, Kommunikasie en Skakeling, en Ontwikkeling – is verantwoordelik daarvoor om verhoudinge te bou, bewusheid te skep en ondersteuning te bewerkstellig vir die US se akademiese, navorsing- en gemeenskapsinteraksie-visie, en om private filantropiese skenkings te verseker.

“Stellenbosch se aansien neem voortdurend toe. Ons het meer as R75 miljoen van internasionale befondsers ontvang – die teiken vir 2013 is R76 miljoen. Wat individuele skenkings betref lyk die prentjie ewe rooskleurig. Teikens is onderskeidelik gestel op R20 miljoen en R23 miljoen, en teen 31 Julie vanjaar het ons reeds meer as R12 miljoen en R19 miljoen behaal,” sê Annamie van den Heever, Direkteur: Ontwikkeling.

Ondersteuning van Suid-Afrikaanse maatskappye bly konstant, veral vir beurse en projekte wat daarop gemik is om die land se wiskunde-, wetenskap- en ingenieursbasis uit te bou.

Sidney van Heerden, wat met die US se groot individuele skenkings werk, sê dit is opwindend en 'n voorreg om 'n aandeel te hê in die bou van die US se toekoms. “Ons moedig skenkings aan om by akademiese inisiatiewe betrokke te raak wat hulle na aan die hart lê.”

Die Alumni-kantoor woeker ook. Hulle het onder meer fokusgroepe bymekaargebring in 'n poging om alumni beter te betrek en te verstaan. Volgens Bev Witten, Senior Direkteur: Alumni-verhoudings, het hierdie groepe waardevolle terugvoering gegee wat nou in hul fondsinzamelingstrategie ingesluit word. 'n Elektroniese nuusbrieff (e-lumnus) is ook van stapel gestuur om beter kontak met alumni te maak en om skenkings te fasiliteer.

Witten sê voorts: “Alumni-skenkings is die grondslag van volgehoue skenkings by enige hoërsonderwys-instelling. Ons is geen uitsondering nie. Elke bydrae tel en dit is die kollektiewe skenkings van ons alumni wat die grootste impak maak. Hulle is ons ambassadeurs, ons bondgenote en ons grootste hulpbronn. Hul sukses is 'n toonbeeld van die US se sukses.”


Fahim Docrat, Bestuurder by Alumni-verhoudinge, sê: “Ons het vanjaar twee telethons gehou waar ons alumni gevra het om die US Beursfonds te ondersteun. Die telethon het gehelp met 'n toename van 18% in nuwe skenkings wat groot potensiele toekomstige skenkings

verteenvoerdig.”

Volgens Docrat het uitreikpogings in KwaZulu-Natal ook gelei tot 'n verbintenis van R2 miljoen in beurse van 'n groot korporatiewe maatskappy vir 2014. Hy sê een alumnus was so beïndruk met die Universiteit se rigting dat hy hom verbind het tot R35 miljoen in die vorm van 'n erflating.

Van den Heever glo daar is verskeie redes vir die welwillendheid teenoor die US. “Visie 2030 stuur 'n sterk, positiewe boodskap uit,” sê sy. Die doel is vir die Universiteit om 'n meer inklusiewe, innoverende en toekomstgerigte instelling te word – 'n plek waar personeel en studente denkleiers kan wees.

	2012 Syfers (R miljoen)	2013 Teikens (R miljoen)
SA korporatief	85.09	96.00
Individuele skenkings	17.17	20.00
Erflatings	20.26	23.00
Internasionaal	63.89	76.00
Totaal	186.95	215.00
Regerings-donasies	0.90	1.00



# Celebrating diversity

In the spirit of Heritage Day on 24 September, Stellenbosch University is celebrating diversity on its campuses with a week of events. Join in and embrace our diversity.

People from all walks of life and different cultures share Stellenbosch University. A diversity of staff, students, knowledge, ideas and perspectives can enhance the quality of SU's core academic activities of research, learning and teaching, as well as research-based and learning- and teaching-oriented community interaction.

For this reason, the University has decided to launch the “Celebrating Diversity” week, to be held from 30 September to 4 October. These five days will be packed with events where staff members and students can express their unique background and all embrace their diversity.

The planned week-long celebration is of high strategic importance for SU. Promoting diversity is a cornerstone of the University's new foundational policy document, the *Stellenbosch University Institutional Intent and Strategy 2013-2018*, passed by Council on 29 April.

We want to create inclusive and diverse experiences for our students and staff members to unleash their full potential.

“Increasing diversity” is identified as one of four strategic focus areas for SU in its new policy document, with diversity being one of the anchors for the University's strategic positioning for the 21<sup>st</sup> century.

Increasing the diversity profile of students and staff members is one of the ways in which the goal of broadening access to the University is being pursued.

## Activities

The celebration week will consist of various activities embodying the University's commitment to diversity, and is themed around a play on the word and abbreviation “US”.

The main activities will be held at the Stellenbosch campus, with some of the elements also presented at the other three campuses, Tygerberg, Bellville and the Military Academy in Saldanha.

One of the themes is “Let US share what it means to be a ‘born-free’”. Students who were born in 1994 – first-years students – will debate what it means to them to have been born in a democratic South Africa.

Another theme is “Let US air our dirty laundry”. A washing line with “paper clothing” will be erected. Staff

## Why celebrate diversity?

Academic excellence is limited without the intellectual challenges brought by a diversity of people and ideas. SU acknowledges the diversity of our staff and students and the context we operate in. The diversity of thoughts and ideas, race, gender, religion and others on our campuses are the strengths of our institution. We proudly recognise that we are not just a knowledge provider, but that we prepare our students to operate in the context of our country and continent.

and students will be able to write their experiences of diversity on campus on the “paper clothing”.

“Do you know US?” will be a fun event where staff and students should match institutional facts and statistics to make them aware of the demographics of the University.

Other activities include an entrepreneur market, art exhibitions, as well as performances and talks presented by celebrities.

Visit [www.sun.ac.za/diversity](http://www.sun.ac.za/diversity) for the full programme.



# Kuns op straat



Het jy die reuse-verkwas wat teen die Visuele Kunste-gebou opgestel is, gesien? Die vulliswaterval by die ingang van die Neelsie, die skootrekenaar op 'n tafel op die Rooiplein, of die sementman wat een dag nog teen 'n stopteken in Victoriastraat geleun het en die volgende dag soos 'n misdaadslagoffer op die grond gelê het?

Hierdie elemente was alles deel van 'n openbare kunsuitstalling wat van 19 tot 31 Augustus deur derdejaar-studente in die beeldende kunste aan die US se Departement Visuele Kunste aangebied is.

Die titel van die uitstalling was *Outside*, en die doel van die projek was om studente die geleentheid te gee om hul werk in die openbare domein te plaas, in teenstelling met 'n gallery of ateljee.

Volgens die kunstenaar Aliza Levi, wat die werkwinkel oor openbare kuns saam met Ledelle Moe en Verna Jooste aangebied het, was die studente se opdrag om 'n plek op kampus te identifiseer en 'n plek-spesifieke kunswerk te skep.

Die kunswerk *Flood* (die plastiekwaterval) verwys byvoorbeeld na die oormatige gebruik van plastiek en die omgewingsrisiko's wat dit inhou, terwyl die kunswerk *Faggot* (bondels

Port Jackson-hout) verwys na die impak van woorde en die wyse waarop 'n woord wat eens op 'n tyd bloot na 'n bondel stokke verwys het, nou 'n vorm

*Die studente moes in groepe saamwerk om hul kunswerke te skep, wat deel vorm hul akademiese werk en geëvalueer sal word.*

van haatspraak geword het.

Die studente moes in groepe saamwerk om hul kunswerke te skep, wat deel vorm hul akademiese werk en geëvalueer sal word. Twee internasionale kunstenaars het ook as beoordelaars opgetree om die drie beste kunswerke te identifiseer en aan hulle pryse toe te ken.

Volgens Moe het die kunswerke baie reaksie op veral die sosiale media uitgelok.

Een van die kunswerke, *Discern*, 'n twee meter hoë sementbeeld wat oorspronklik teen die stopteken oorkant die Visuele Kunste-gebou staangemaak is, is ongelukkig deur studente beskadig.

Hulle is danksy die vinnige optrede van 'n sekuriteitsbeampte geïdentifiseer en ondervra. Die saak word deur die Sentrale Dissiplinêre Komitee (SDK) ondersoek. – PIA NÄNNY

## ● Etenstyd

Lus vir 'n middagete met siel? Gaan maak 'n draai by Schoon de Companje, die uitgebreide De Oude Bank Bakkerij, op die hoek van Bird- en Kerkstraat. 'n Boetiek-slaghuis en wynwinkel, handgemaakte roomys en varsgeroosterde koffie is nou alles onder een dak te kry.

Vir middagete, wat tot 15:00 bedien word, kan jy kies uit disse soos vis en tjips, burgers en toebroodjies op varsgebakte brood. Of jy kan jou eie middagete saamstel uit 'n keuse van brode, smere, kase, kouevleis en konfyt.

Sluit jou maaltyd af met 'n heerlike handgemaakte roomys van Fanny Chanel. Kies uit geure soos koejawel, gesoute karamel en sjokolade espresso in bros wafelhorinkies. Nie 'n soettand nie? 'n Koffie waarvan die bone sommer net daar in die winkel gerooster word, sal beslis jou ete afrond.

Ná 15:00 kan jy buiten vir die toebroodjies ook 'n pizza geniet of probeer hul "Laudenbach Special", wat bestaan uit 'n pretzel, Weiss Wurst, mosterd en 'n 330ml bier – alles vir 'n billike R65.

Al koop jy net 'n brood, maak 'n draai en gaan beleef dié plek.



## ● Lees

As deel van die vierings van die tiende Stellenbosch Internasionale Kamermusiekfees (SIKMF) is 'n koffietafelboek bekendgestel tydens die fees, wat van 5 tot 14 Julie gehou is.

Die glans hardebandboek (ook as e-boek beskikbaar) se redakteur is Adriaan Fuchs, wat tussen 2004 en 2007 die fees se bemerkingsbeampte en later feesdirekteur was.

"Terwyl ek die boek saamgestel het, het ek weer eens besef watter grootse impak hierdie fees op die lewens van so baie jong Suid-Afrikaanse musici het, asook die waarde van hierdie

*This month, Kampusnuus tells you more about the new coffee table book published by the Stellenbosch International Chamber Music Festival, as well as a performance by the talented US Percussion Duo, consisting of marimba players Cherilee Adams and Dylan Tabisher. Also pop in for lunch at Schoon de Companje.*

## ● Listen

On Sunday, 15 September, the US Percussion Duo will perform on the Endler Hall stage as part of the Conservatoire's "Rising Stars" concert series.

Over the past six years or so, Cherilee Adams and Dylan Tabisher (photo) have established themselves as an exciting percussion duo in Cape Town. They have enthralled local audiences with their talent, which has won them several prizes.

Both Cherilee and Dylan started percussion in 2002 at the Hugo Lambrechts Music Centre in Parow, Cape Town with Suzette Brits. They were members of the Hugo Lambrechts Percussion Trio in 2006 that received the overall prize at the Stellenbosch Ensemble Competition that year.

In 2007, they formed a duo and performed as soloists with the Cape Philharmonic Orchestra and Stellenbosch Symphony Orchestra. That year they were also members of the US Percussion Ensemble that received a category prize at the ATKV-Muziq competition. As the US Percussion Duo, Cherilee and Dylan received the category prize at the



Stellenbosch International Chamber Music Competition in 2010. The next year, they toured through America as members of the Cape Philharmonic Orchestra, who presented a series of eighteen concerts there.

Last year, the US Percussion Duo was chosen as the overall winners at the ATKV Muziq competition, held in Stellenbosch. In September last year, both Cherilee and Dylan participated

in the prestigious World Marimba Competition that was held in Stuttgart, Germany. In July, the duo participated in the Universal Marimba Competition and Festival that was held in Sint-Truiden, Belgium. Dylan and Cherilee are currently SU Master's students specialising in performance.

They perform on Sunday, 15 September at 16:30 in the Endler Hall. Tickets are available at the door.

fees vir die Universiteit en die wyer gemeenskap," sê Fuchs.

Die tiende fees was die ideale geleentheid om die impak van die SIKMF te wys en om erkenning te gee aan die musici van regoor die wêreld, die deelnemers wat van oral in Suid-Afrika kom, asook die borge en organiseerders. Maar Fuchs wou terselfdertyd die gees van die fees vasvang.

"Daar is 'n spesiale band en vriendskap tussen almal op die fees, byna soos 'n uitgebreide musiekfamilie. Ek hoop hierdie boek vang daardie spesiale gevoel vas," sê Fuchs.

Die boek bevat foto's en essays deur talle mense wat oor die jare by die fees


betrokke was. Ook is daar uittreksels uit resensies en artikels wat in die media verskyn het. Dit vertel die inspirerende verhaal van hoe die passie vir musiek by die SIKMF uitgeleef word.

Fuchs het einde verlede jaar aan die boek begin werk.

Ná laat nagte en lang e-posse, asook 'n gekrap in die argiewe, het Fuchs uiteindelik genoeg materiaal gehad om die boek saam te stel.

"Die Kamermusiekfees lê my na aan die hart. Om hierdie boek te kon saamstel was 'n wonderlike ervaring en ek is uiters bevoorreg om in die posisie van redakteur te wees," voeg hy by.

• Die boek is aanlyn te koop by [www.sicmf.co.za](http://www.sicmf.co.za).



# Water is lewe

Sonder skoon water kan ons nie leef nie. Dit geld nie net vir drinkwater nie, maar ook rivierwater wat vir besproeiing gebruik word, omdat dit 'n invloed op voedselveiligheid én ons gesondheid het.

Die Plankenburg- en Eersteriviere kronkel soos are deur Stellenbosch. Maar weens erge besoedeling is dié riviere nie juis lewensare nie, maar eerder 'n bedreiging vir mense se gesondheid.

Ons word van kindsbeen af geleer oor die belangrikheid van water en dat ons nie daarsonder kan oorleef nie. Tog is dit die mens wat riviere besoedel en sy eie gesondheid in gevaar stel.

'n Nasionale studie oor voedselveiligheid waarby US-navorsers – onder andere die voedselwetenskaplikes prof Trevor Britz en dr Gunnar Sigge – betrokke was, wys dat Stellenbosch se rivier nie gesond is nie. Die opdrag vir dié studie is in 2007 deur die Waternavorsingskommissie en die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye gegee.

Die vlakke van menslike ontlasting en patogene wat siektes veroorsaak in die Eerste- en Plankenburgriviere word as “onaanvaarbaar” en “onhigiënies” beskryf. Mense wat die riviere vir sport en ontspanning gebruik, kan siektes soos diarree, voedselvergiftiging en allerlei infeksies opdoen.

Dié riviere word stroomop en stroomaf van die dorp gebruik om veral in die somermaande onder meer druiwe, pere, sitrusvrugte, aarbeie, soetrissies, kruie en groenbone te besproei.

'n Groot verskeidenheid en uiters hoë vlakke van fekale bakterieë, protooë en virusse is in die water gevind en op produkte wat uit die riviere besproei is. Dit kan skadelik wees vir mense indien die produkte rou geëet word sonder dat dit deeglik gewas word.

“Die hoë tellings van *Salmonella* hou byvoorbeeld 'n ernstige risiko vir voedselvergiftiging in, aangesien sommige inwoners langs die rivier die water vir tuinmaak- of huishoudelike doeleindes aanwend,” sê Britz.

Sy raad aan inwoners: “Moenie in hierdie riviere swem of onbehandelde water drink nie, en indien jy vrugte of groente eet wat uit hierdie riviere besproei is, maak seker dat jy dit goed was, verkieslik met 'n ligte ontsmettingsmiddel soos Miltons in die water.” – ENGELA DUVENAGE

Bronne: [www.lennotech.com](http://www.lennotech.com), [www.allaboutwater.org](http://www.allaboutwater.org), [www.fitday.com](http://www.fitday.com), [www.dorchesterhealth.org](http://www.dorchesterhealth.org).

## Waterfeite

- Omtrent 70% van 'n volwassene se liggaam bestaan uit water.
- Teen die tyd dat jy dors voel, het jy reeds 1% van jou totale waterinhoud verloor.
- Die gewig wat jy verloor direk ná fisiese aktiwiteite, is weens die verlies aan water, nie vet nie.
- Die mens kan 'n maand sonder kos oorleef, maar slegs sowat 'n week sonder water uithou.
- 'n Kwart van die wêreldbevolking leef sonder veilige drinkwater.

## Hoekom water drink?

- Water hou jou jonk, omdat dit die vel vogtig hou en die voorkoms van plooie verminder.
- Deur genoeg water te drink kan jy ook jou kognitiewe funksies verbeter.
- Water verskaf ook vogtigheid aan jou gewigte, sodat hulle sterk en buigsaam is.
- Jou niere benodig water om giftige stowwe uit jou liggaam te verwyder.

# From sport to insects

In July, scientist Prof John Terblanche was one of four young outstanding scientists worldwide to be awarded with a President's Medal from the International Society for Experimental Biology in Spain. ENGELA DUVENAGE spoke to him about his research interests.

What did entomologist Prof John Terblanche learn from athletes that he now uses in his research on insects? He learnt that sometimes they can be stretched way beyond their presumed abilities to excel beyond expectation.

This 36-year-old associate professor in the Department of Conservation Ecology and Entomology lectures among others in insect physiology.

Although he obtained an undergraduate degree in sport science and a MSc in Human Physiology, both from SU, his passion nowadays lies in finding out just how insects cope in extreme environments and handle changing climates. “My background has provided me with an interest in the range of flexibility that an organism possesses and allows it to change its physiological ability over the course of its lifetime,” he says. Woolly bear caterpillars, dung beetles, tsetse flies and

“My background has provided me with an interest in the range of flexibility that an organism possesses and allows it to change its physiological ability over the course of its lifetime.”

malaria-causing mosquitoes count among the species he studies along with his 10 postgraduate students to find biochemical links to explain how insects survive environmental stress. Terblanche often works on projects with his wife, Dr Susana Clusella-Trullas of the DST-NRF Centre of Excellence for Invasion Biology (CIB), whom he met through their mutual love of rock climbing.

His research has taken him from Kenya, Tanzania and Zambia to Germany and Austria. However, the three months he spent in the summer of 2002/2003 at Cape Hallett in the Antarctic was life-changing. Three years later, he also visited Marion Island to research how terrestrial invertebrates cope with extremely low temperatures.

“I became fascinated with finding out how animals are able to physically adapt and overcome the diverse environmental challenges of life on Earth,” he remembers the impact of these experiences.

As a PhD student in Zoology, his attention shifted to the hotter extreme to investigate how tsetse flies cope at extreme temperatures and in dry environments, and how their metabolic systems adapt accordingly. The work, done under guidance of former CIB director Prof Steven Chown, produced many significant insights into physiological adaptation. Notably, Terblanche showed that inter-



Prof John Terblanche.

Photo: ANTON JORDAAN

population differences in physiology across Africa are because of phenotypic plasticity, which is an organism's ability to change its phenotype or traits in response to changes in the environment.

There is of course always an exception to the rule, and in this case it is the relationship between metabolic rate and temperature. “This relationship evolved very specifically hand-in-hand with climate,” he summarises the findings of his PhD dissertation.

“While it's clear that climate change will impact insects

“I became fascinated with finding out how animals are able to physically adapt and overcome the diverse environmental challenges of life on Earth.”

through changes in temperature and water supply, there is surprisingly little agreement about how it works or what the effects are,” says Terblanche, who was named as one of the 2013 top 25 researchers at SU, and was a NSTF-Billiton finalist.

Data from Terblanche's research contributes to this ongoing debate. He suggests that the geographical range of some insect disease-causing species will decrease, but it could be offset by disease transmission risk that becomes higher in specific locations.





Prof Florian Breuer of the Department of Mathematical Sciences in the Faculty of Science delivered his inaugural lecture, titled "The Parallel Worlds of Number Theory", on Thursday, 15 August. Pictured here with Breuer are Prof Eugene Cloete, Vice-Rector (Research and Innovation), and Prof Douglas Rawlings, Acting Dean of the Faculty of Science.  
Photo: ANTON JORDAAN



Stellenbosch University recently welcomed its first group of semester-exchange students from the People's Republic of China. Thirteen students from Zhejiang Normal University's China-Africa International Business School (CAIBS) will get the opportunity to learn more about the local academic culture and student life. The exchange programme is aimed at strengthening the relationship between SU and universities in China, and will lead to Stellenbosch students undertaking semester exchanges at CAIBS in future.



Duisende Graad 11 en 12-leerders wat hul opsies vir verdere studie oorweeg, het op Vrydag 2 Augustus by die jaarlikse US-Maties Opedag 'n voorsmakie gekry van wat die Universiteit Stellenbosch hulle kan bied. Hulle kon inligting oor loopbane, studierigtings, beurse en lenings asook akkommodasie by die meer as 100 stalletjies kry. Hier is prof Russel Botman, US-Rektor, saam met van die leerders.  
Foto: JUSTIN ALBERTS



Die US se eerste Maties Mark het alle verwagtings oortref ondanks die eendeweër. Handgemaakte ware, klere, kos en wyn was van die items wat op Woensdag 21 Augustus by die mark te koop aangebied is. Studentemusikante en MFM het vir 'n aangename atmosfeer gesorg, en markgangers kon iets te ete of te drinke koop en saam kuier. Die Maties Mark is 'n inisiatief van die Frederik van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapontwikkeling (FVZS Instituut) om 'n unieke spasie te skep waar jong entrepreneurs uit die plaaslike gemeenskap 'n besigheid kan begin en handel dryf op die US se perseel. Op die foto bied Khomotso Makhafola 'n sny red velvet-koek aan Tendani Sidogi.





GPS: S 33° 54' 178", E 18° 57' 136"  
E: info@lumleysplace.co.za  
www.lumleysplace.com

## ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS

### TE KOOP / FOR SALE

**Heuning:** 500gm Heuning te koop @ R30. Kontak Sas De Kock by 021 887 0988 of 084 023 8909.

### SAAMRYKLUB / LIFT CLUBS

**Goodwood – Stellenbosch:** Lift required daily. Working hours 07:45 until 16:00. Contact Jonathan Pasqualli on 072 682 7758, 021 808 9409 or Sfi2@sun.ac.za.

**Strand – Stellenbosch:** Bestaande saamryklub soek een of twee persone met motors om aan te sluit. Wersure 08:00 tot 16:30.

Kontak: aefl@sun.ac.za of 083 648 2727.

**Kuilsrivier – Stellenbosch:** Persoon sonder voertuig soek saamrygeleentheid na Stellenbosch-kampus vyf dae per week vanaf Augustus/September. Wersure: 08:00 tot 16:30. Sal ruim bydra tot petrolkoste. Kontak: mpv@sun.ac.za of 072 229 0534.

**Vredeloof/Stellenberg-omgewing – Stellenbosch:** Saamryklub soek een persoon vanaf Noordelike Voorstede om saam te ry na Stellenbosch. Wersure 08:00 tot 16:30 (daaglik). Eie vervoer noodsaaklik. Kontak Irma Bester by Ir\_mabester@sun.ac.za of 021 808 9258 of 083 454 3852.